Carlette (links) en Natalie.

Die perde waarmee ons sou werk, was Stallone, die leier van die trop, die matriarg, Cleo, en Spartacus, 'n Arabier wat Carlette as 'n "regte skoothondjie" beskryf het. Omdat ek geen vorige ervaring van perde gehad het nie en maar skrikkerig was vir dié gespierde diere, het ek fyn geluister. Carlette het ons verseker dat sy en Natalie die perde goed genoeg ken om ons veiligheid te verseker. Ons moes deurgaans bewus bly van die perde se liggaamstaal - veral as hulle begin ore plat trek en hul lywe gespanne raak.

Om die meeste voordeel uit die dag te trek, moes ons "uit ons kop en in ons hart kom". Perde het vrede met ons bankbalans, prestasies, voorkoms en verlede. Hulle fokus op wat ons nóú doen, nie op wat ons voorgee om te wees nie. Ons moes volledig in die oomblik teenwoordig bly, pleks van op ons logika steun soos ons graag in die Westerse wêreld doen.

Sommer met die intrapslag het ek 'n les geleer. By die kampie het ek die hek met moeite oopgemaak, terwyl ek bloot tussen die heiningpale kon deurklim! Carlette en Natalie het my laat begaan en gewag tot ek later besef het wat gebeur het. Dit het my laat wonder hoe dikwels tonnelvisie daartoe lei dat ek 'n makliker oplossing miskyk.

Ons het 'n verskeidenheid eenvoudige opdragte met die perde uitgevoer, soms alleen en soms in 'n groep. Partykeer het ons die pyp gerook, ander kere nie. Maar die lesse was daar: hoe dit voel om 'n vreemdeling te vertrou om jou leiding te gee wanneer jy 'n taak geblinddoek moet uitvoer; hoe magteloos jy raak as jy 'n perd sover moet kry om iets te doen en hy verseg om na jou stroopsoet woordjies te luister; hoe jy optree as 'n groep 'n opdrag moet uitvoer - of jy terugstaan, en of jy die voortou neem.

Ek was heeltyd bewus van die perde se grootte en krag, en Carlette het verduidelik dat dit 'n uitstekende metafoor is vir mense of verhoudings wat ons intimideer. Toe Spartacus meer soos 'n rebelse tiener as 'n

Gesinsake

Wanneer 'n gesin 'n werkwinkel bywoon, is die speelveld gelyk, sê Carlette. Die perde trek nie die ouers (of die kinders) voor nie.

"Die teenwoordigheid van die perde skep 'n ander dinamiek sodat lesse wat andersins dalk weerstand sou ontlok, kan tuiskom. So kan die besef dat die trop sekere dinge moet doen om te oorleef, 'n tiener laat insien dat sy ouers nie noodwendig daarop uit is om hom te irriteer nie, maar die welsyn van die gesin in die oog het. 'n Ma wat voor haar gesin met 'n rebelse perd sukkel, kan nuwe strategieë aanleer én voortaan dalk meer hulp van haar man kry. Ek en Natalie hoef dikwels nie eens iets te sê nie. Die situasie spreek vanself. Net die feit dat 'n gesin op dié manier tyd saam deurbring, is 'n pluspunt. En daar is altyd ligte oomblikke!"

Carlette is die ma van Jeanette (7) en John James (4), en Natalie se stiefkinders is Michael (16), Slade (11) en Kai (6).